NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 26 MAART 2015 OM 11:35

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cloete, C M (ANC)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Papers, C H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Traut, L (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter open die vergadering.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle Y S Cox-Bruintjies en J H Cleophas.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG OP 2013/2014 JAARVERSLAG (7/1/1/1)

Die Konsep Jaarverslag vir die 2013/2014 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA op 29 Januarie 2015 aan die Raad voorgelê, waarna die Jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die Provinsiale Tesourier 'n evaluering gedoen het van die 2013/2014 Jaarverslag en volledig daarop kommentaar gelewer het per skrywe gedateer 25 Februarie 2015 (aanhangsel D tot die Oorsigverslag).

Swartland Munisipaliteit is deur die Provinsiale Tesourier genader om die nuwe formaat van die jaarverslag soos voorgeskryf deur die Nasionale Tesourier te verfyn en moontlik 'n ander program te ontwikkel waarin alle formules reggestel word.

4.1/...

In die evaluering vanaf die Provinsiale Tesourier word egter aangedui dat daar in die voorwoord van die Uitvoerende Burgemeester, sowel as dié van die Munisipale Bestuurder sekere aspekte ontbreek. Die Munisipale Bestuurder noem dat dit toegeskryf kan word aan die verskillende riglyne wat beskikbaar is om die jaarverslag op te stel, naamlik (1) riglyne wat saam met die nuwe formaat gesirkuleer is, en (2) MFMA Omsendskrywe 63 wat ook die formaat van die jaarverslag voorskryf.

Die MPAC het op 4 Maart 2015 vergadering om die 2013/2014 Jaarverslag te oorweeg, en 'n oorsigverslag op te stel vir voorlegging aan die Raad.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met een-en-twintig raadslede ten gunste daarvan.

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl C H Papers)

(a) Dat die Raad, gegewe hy die 2013/2014 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;

(b) Dat die 2013/2014 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;

(c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;

(d) Dat die 2013/2014 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA.

4.1 HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die derde hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is oorweeg tydens 'n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Maart 2015 en bied die Speaker geleentheid aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen om die item ter tafel te lê.

Artikel 34 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 bepaal dat 'n munisipale raad jaarliks sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) moet hersien ooreenkomstig 'n evaluering van sy prestasiemetings en tot die mate wat veranderde omstandighede dit vereis.

Die Uitvoerende Burgemeester wys die vergadering op die veranderinge wat sedert 31 Mei 2014 die wysigings in die GOP genoodsaak het.

Uit die voorlegging van die Uitvoerende Burgemeester, met verwysing na die demografiese en ekonomiese inligting, is dit belangrik dat 'n balans gevind word tussen die beskikbare hulpbronne van Swartland Munisipaliteit en die behoeftes en hoë verwagtinge van die inwoners, ten einde finansieel volhoubaar te bly.

Verder is dit belangrik, soos uitgewys deur die Uitvoerende Burgemeester, om standaarde/maatstawwe te stel in vergelyking met eweknieë soos Mosselbaai-, Overstrand- en Stellenbosch Munisipaliteite, ten einde effektiewe en doeltreffende dienslewering te verseker.

Rdl F S Humphreys, met verwysing na die bou van die Astro-hokkiebaan, noem dat dit die pleidooi van die ANC is dat wanneer fondse vanaf eksterne bronne verkry word, die behoeftes van al twaalf wyke opgeweeg moet word. Die volgende behoeftes word uitgewys:

4.2/...

(1) wyke 4, 7 en 9 : sportfasiliteite;
(2) wyk 3 : gemeenskapsaal wat meer toeganklik is vir die publiek – Riebeek-Wes Stadsaal is nie geskik nie;
(3) wyk 12 : gemeenskapsaal – Riebeek Kasteel;
(4) ontwikkeling/bemagtiging van vroue (veral enkelouers) en die jeug.

Die aanbeveling voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met vyftien stemme ten gunste daarvan en ses stemme daarteen.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die Hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die hersiening van die Areaplanne as konsepplanne aanvaar word, en dat ‘n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2015 gevolg sal word.

4.3 GOEDKEURING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2015/2016, 2016/2017 EN 2017/2018 (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen hou die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2015/16, 2016/17 en 2017/18 finansiële jare aan die Raad voor soos oorweeg tydens ‘n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Maart 2015.

In sy voorwoord (aangeheg as Aanhangsel A) word die volgende aanbevelings gemaak om verder ondersoek te word, naamlik:

- ondersoek om die nuttige lewensduur van bates te verleng om kostes van depresiasie te verminder;
- aanbring van water vir begraafplase binne die beskikbaarheid van fondse in die begroting;
- die voorsiening van tydelike toiletfasiliteite tydens begrafnisse, indien benodig, in oorleg met die begrafnisondernemingsforum, en die moontlike instelling van ‘n tarief om in die tariewelêer opgeneem te word;
- meer spoedwalle;
- die bou van speelplekke vir kinders met spesiale verwysing na laekoste-behuisingsgebiede;
- die aanbring van elektroniese waterbeheerstelsels;
- ‘n vergroeningsprojek vir die Swartland oor die volgende vyf jaar –
    - in alle wyke met befondsing uit die wykstoekennings;
    - opvoeding aan gemeenskap om rommelstrooi te bekamp of te voorkom moet deelgemaak word van vergroeningsprojek;
    - aanplant van ‘n groot aantal bome, in oorleg met gemeenskap oor waar dit aangeplant moet word;
- die instelling van ‘n Swartland Ontwikkelingskomitee wat die volgende moet doen –
    - plaaslike ekonomiese ontwikkeling (LED);
    - opstel van ‘n plan en toesien dat besighede na die Swartland gelok word;
    - toesien oor die estetika van geboue vir alle soorte beplanning en ontwikkelings in die Swartland (privaat persone kan ook op die komitee dien);
    - toesien dat volhoubare ontwikkeling – waar die mens, ekonomie en omgewing streng in ag geneem word – bevorder word;
- om vir die volgende vyf jaar die herseel van paaie jaarliks weer in die Kapitaalbegroting in te sluit;
- die aanbring van “Welkom in die Swartland”-borde op alle belangrike grense of roetes, waar moontlik;
- die dringende afhandeling van die oordrag van eiendomme wat nog in die naam van die Munisipaliteit geregistreer is aan die huidige bewoners, ten einde die transportakte aan eienaars te kan oorhandig;
- dat oorweeg moet word om Equitable Share-huishoudings te verplig om ‘n vaste maandelikse bedrag te betaal om vir die daaropvolgende maand vir die subsidie in aanmerking te kom;
- dat dringend aandag gegee word aan die beskikbaarheid van grond vir begraafplase in Abbotsdale, Malmesbury-Wes, Moorreesburg en Riebeek Vallei;

4.3/...

- dat die Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid gewysig word om die huurder aanspreeklik te maak vir agterstallige skulde;
- dat die bekommernis van rdl Fortuin (gedeel deur die Uitvoerende Burgemeester, en bevestig deur die demografiese statistieke deurdat 25% van die bevolking onder 14 jarige ouderdom is) dat daar nie voldoende voorsiening vir skole in die Swartland munisipale area gemaak word nie aan die betrokke departement oorgedra word. Die Munisipale Bestuurder onderneem dat die bekommernis op skrif gestel sal word aan beide die Departement van Onderwys en die Departement van Openbare Werke ten einde die betrokke departemente in te lig aangaande die agterstand wat ontstaan het weens die snelle groei van die bevolking in die Swartland munisipale gebied. Dat die skrywe insluit, die bekommernis dat daar nie voldoende openbare vervoer vir leerders beskikbaar is nie, en wat weens 'n gebrek aan 'n plaaslike skool, daagliks moet duimgooi om 'n skool in 'n tuisdorp by te woon.

Die Speaker gee geleentheid om repliek te lewer op die begrotingsrede van die Uitvoerende Burgemeester en word, onder andere, genoem:

- (deur rdle D B Philander en F S Humphreys) dat aandag aan publieke vervoer gegee sal moet word;
- (deur rdl D B Philander) dat die werksgeleenthede en opleiding wat deur SANRAL aangebied word met die opgradering van die N7 moet verseker dat die persoon met 'n ambag toegerus word, sodat hy/sy beskikbaar is wanneer soortgelyke projekte deur die Munisipaliteit uitgevoer word, of selfs 'n entrepreneur kan word;
- (deur rdl F S Humphreys) dat straatname gekoppel word aan die strate wat gedurende 2015/16 opgegradeer gaan word, ten einde die publiek dienooreenskomtig in te lig;
- (deur rdl F S Humphreys) dat, met verwysing na die algemene aanbevelings deur die Uitvoerende Burgemeester, daar nie slegs by beplanning stilgestaan word nie, maar dat daar oorgegaan word tot aksie met die implementering van projekte. Verder, dat daar nie slegs voor verkiesings aktief in gemeenskappe gewerk word nie, maar dat raadslede die uitkomste van raadsvergaderings met die publiek kommunikeer wat daartoe kan lei dat daar nie soveel optogte sal wees nie;
- (deur rdl C M Cloete) dat oorweging daaraan verleen word om die 15% bydrae tot MIG-fondse wat vir sportfasiliteite geoormerk word, aangewend word vir netbalbane en sokkervelde in Abbotsdale, sokkervelde in Ilinge Lethu en sportvelde in Chatsworth. Rdl Cloete noem dat dit onaanvaarbaar is dat die sokkervelde in Ilinge Lethu eers vir 2019 beplan word;
- (deur rdl F S Humphreys) dat Swartland Munisipaliteit te vrygewig is met die toekenning van 10kl gratis water aan deernishuishoudings en dat dit verminder word na 6kl.

Die aanbevelings voor die Raad word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met vyftien stemme ten gunste daarvan en ses stemme daarteen.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die Raad die konsep meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegroting in beginsel goedkeur, **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering**:

				Histories:	**Tans:**
(1)	**Kapitaalbegroting**	**:**	**2014/2015**	**R 81 073 971**	**R**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting:		**2014/2015**	**R**	**R 107 495 708**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 93 325 408**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2016/2017**	**R**	**R 88 377 954**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2017/2018**	**R**	**R 84 636 837**
(2)	**Bedryfsbegroting**	**:**			
	Totale Inkomste	**:**	**2014/2015**	**R 477 648 231**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting:		**2014/2015**	**R**	**R 543 239 243**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 565 422 353**
		:	**2016/2017**	**R**	**R 601 820 587**
		:	**2017/2018**	**R**	**R 656 092 736**

4.3(a)/...

Uitgawe	**:**	**2014/2015**	**R 508 577 747**	**R**
Aansuiwerings Uitgawebegroting		**2014/2015**	**R**	**R 558 781 947**
	:	**2015/2016**	**R**	**R 573 391 198**
	:	**2016/2017**	**R**	**R 613 870 693**
	:	**2017/2018**	**R**	**R 661 220 130**
Surplus/Verskil	**:**	**2014/2015**	**-R 30 929 516**	**R**
Aansuiweringsbegroting	**:**	**2014/2015**	**R**	**-R 15 542 704**
	:	**2015/2016**	**R**	**-R 7 968 844**
	:	**2016/2017**	**R**	**-R 12 050 106**
	:	**2017/2018**	**R**	**-R 5 127 394**

(b) Dat kennis geneem word dat die begrotingsbedrae nie as finaal aanvaar kan word nie, aangesien publieke insette nog gedurende April 2015 gelewer kan word, maar dat daar gepoog word om ten minste nie af te wyk van die voorgestelde tariewe soos per aangehegte skedules nie;

(c) Dat kennis geneem word:

(i) dat die voorgestelde elektrisiteitstariewe, soos voorgeskryf deur NERSA, middel Maart 2015 aan lg. vir goedkeuring voorgelê moet word, en dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste hierna die navrae vanaf NERSA hanteer in ‘n poging om die voorgestelde tariefaanpassings te motiveer en, waar nodig, die betrokke tariefaansoek te wysig;

(ii) dat verder kennis geneem word dat die Minister van Finansies 'n verdere heffing van R0.02 per kWh bykomend tot die normale aankoopprys van elektrisiteit wat deur Eskom verskaf word aan munisipaliteite in Suid-Afrika gemaak het. Dit is op hierdie stadium nie seker of die Minister sal besluit om hierdie bykomende heffing van R0.02 per kWh te implementeer nie. Dat dit verder gemeld te word dat 'n heffing van R0.035 per kWh reeds by die aankoopprys van Eskom ingesluit is wat deur munisipaliteite betaal moet word;

(iii) dat, op hierdie stadium geen voorsiening gemaak is vir die R0.02 per kWh nie, wat neerkom op ±R3.826 miljoen gebaseer op die aankoop van 191 324 584 kWh soos begroot vir 2015/2016. As die Minister besluit dat hierdie heffing voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar geïmplementeer moet word, moet die Raad in ag neem dat die verhoging aan die verbruiker oorgedra sal moet word. Indien die verhoging bekend word na die implementering van die 2015/2016 begroting, sal hierdie verhoging die Raad dwing tot 'n aansuiweringsbegroting wat teenstrydig is met artikel 28 paragraaf 6 van die MFMA, wat bepaal dat die Raad nie toegelaat word om tariewe te verhoog met 'n aansuiweringsbegroting nie.

(d) Dat die Raad derhalwe, met verwysing na paragraaf (c), die voorgestelde elektrisiteitstariewe vir die 2015/2016 finansiële jaar goedkeur, gedagtig daaraan dat dit steeds onderhewig is aan NERSA se finale goedkeuring;

(e) Dat die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegroting ten aansien van die 2015/2016 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA in beginsel goedgekeur word, met inbegrip van:

(i) Belastings;
(ii) Tariewe;
(iii) Projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
(iv) Begrotingsverwante beleidsdokumente, naamlik:

- Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid (onveranderd);
- Tariefbeleid (konsep beleid sal tydens die raadsvergadering ter tafel gelê word);
- Eiendomsbelastingsbeleid (konsep beleid sal tydens die raadsvergadering ter tafel gelê word);
- Voorsieningskanaalbestuursbeleid (gewysigde beleid word in Mei 2015 via UBK voorgelê);
- Kontantbestuur- en Beleggingsbeleid (word in Mei 2015 via UBK voorgelê);

4.3(e)/...

(v) Konsep beleide in proses vir werkswinkel:
- Befondsing en Reserwe Beleid;
- Skuld en Leningsbeleid;
- Ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende uitgawes;

(f) Dat kennis geneem word dat die Bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste- en werklike kapitaalbydraes en verkope van grond nie, ten einde die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(g) Dat die Raad met groot kommer kennis moet neem van die moontlikheid dat Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) dalk in die nabye toekoms van hul waterinfrastruktuur sal moet oordra na Swartland Munisipaliteit en die ander twee B-munisipaliteite (Bergrivier en Saldanhabaai). Die twee grootste bekommernisse wat kan ontstaan met die instemming van die bankinstellings, is die oordrag van 'n eksterne lening vanaf WKDM aan Swartland ten bedrae van R70 miljoen en die toekomstige implikasies t.o.v. die instandhouding van die oorgeplaasde bates (infrastruktuur);
'n Verdere kommer is dat die scenario hierbo, Swartland Munisipaliteit se vermoë verswak om in die toekoms lenings op te neem vir toekomstige kapitaalprojekte. Die munisipale bestuurder van Swartland Munisipaliteit is egter tans nog in gesprek met WKDM en die ander twee B-munisipaliteite (Bergrivier en Saldanha) sal ingesluit word om die pad vorentoe in hierdie verband te bespreek. Hopelik sal meer duidelikheid en besonderhede beskikbaar wees wanneer die 30 Dae Begroting in Mei 2015 ter tafel gelê word;

(h) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(i) Dat kennis geneem word van die toenemende styging in personeelkostes, wat soos volg bedra:
(i) ten aansien van alle werknemers, uitgesluit die Munisipale Bestuurders en artikel 56-aanstellings, 'n verhoging gebaseer op die VPI van 4.4%. Onderhandelinge is tans nog in proses vir die volgende drie jaar se verhoging. Die Raad moet kennis neem dat daar vir 'n 7% verhoging begroot is vir 2015/2016, 'n 6% aanpassing vir 2016/2017 en 'n verwagte aanpassing van 6% vir 2017/2018;

(ii) ten aansien van die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, gebaseer op 'n markverwante verhoging wat jaarliks deur 'n professionele konsultant, Work Dynamics (*P E Corporate Services*) bepaal word. Die uitslag is nog onbekend en sal hersien word gedurende die 30 Dae Begroting.

(j) Dat, alhoewel die CFO en direkteure poog om rekeninge bekostigbaar te hou en finansiële volhoubaarheid te verseker, asook die geloofwaardigheid van multi-jaar begrotings te verbeter, sal die gemiddelde verhoging op huishoudings vir die 2015/2016 finansiële jaar min of meer tussen 9% en 10% wees. Die volgende was hoofbydraers tot die hoër as verwagte toename, naamlik:
(i) Eskom-verhoging van 14.24%;
(ii) die wesenlike tekort op die water handelsdiens;

(k) Dat die volgende veranderinge t.o.v. tariewe sedert die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering wat gehou was 11 Maart 2015, goedgekeur word:

(i) **Eiendomsbelasting**

- Die nuwe wysiging in die Eiendomsbelastingswet aangaande die Geografiese gebiede, bv. Grottobaai en Jakkalsfontein, sal oor 'n tydperk van sewe jaar uitgefaseer word;

4.3(k)/...

(ii) **Elektrisiteit Tariewe**

- Tarief 1 Basies - verander van 12.20% na 14%
- Tarief 1 Blok 1-4 - verhoog na 12.20%
- Tarief 8 - verander van 8% na 12.20%
- Tarief 12 Basies - verander van 12.20% na 14%
- Tarief 12 Blok 1 - verander van 6.8% na 12.20%

(iii) **Water Tariewe**

- Gratis 6kl water vir Huishoudings verminder na 5kl
- Gratis 6kl water vir Deernishuishoudings bly onveranderd, maar die 4kl addisionele water vir deernishuishoudings verminder na 3kl;

(iv) **Afskaffing van Rioolsuigpomping heffing t.o.v. sekere eiendomme en die instelling van 'n maandelikse riool beskikbaarheidstarief vir die hele Swartland munisipale gebied**

- Daar is vir riool beskikbaarheid t.o.v. alle erwe waar riooldienste beskikbaar is begroot, insluitende erwe waar rioolsuigpompings gedoen word en sal met ingang vanaf 1 Julie 2015 'n beskikbaarheidsheffing per maand betaal. Voormelde beskikbaarheidsheffing sal oor twee finansiële jare ingefaseer word en sal met ingang van 1 Julie 2015 slegs 50% van die goedgekeurde maandelikse rioolheffing betaal;
- Verder, dat 'n toegewing gemaak word vir die 3de rioolsuigpomping teen geen koste waar die rioolsuigpomping oor paasnaweek en skoolvakansies soos van toepassing in die Republiek van Suid-Afrika gedoen moet word. Waar 'n 4de rioolsuigpomping in dieselfde maand versoek word, sal sodanige rioolsuigpomping teen werklike koste gehef word i.t.v. die Raad se tariewebeleid;
- Indien enige rioolsuigpomping ongeag die toegewing, buite gewone kantoor-ure versoek word, sal 'n addisionele toeslag gehef word i.t.v. die Raad se tariewebeleid.

(l) Dat, met verwysing na Hoofstuk 7 van die GOP, waar dit duidelik aangedui word van Swartland Munisipaliteit se goeie voorneme om sy infrastruktuur in stand te hou, is dit nou duidelik dat as gevolg van 'n gebrek aan kontant, baie min voorsiening vir die vervanging van roerende bates soos voertuie en toerusting vir ten minste die volgende drie jaar beskikbaar gestel kan word. Nodeloos om te sê, die CFO en Begrotingkantoor het individueel die begrotingsversoeke per lyn item hersien wat deur die Direktorate ingedien is, en is daar geen luukshede in hierdie voorgestelde begroting nie;

(m) Dat daar **met groot kommer** kennis geneem word van die tekorte in die Bedryfsbegroting, asook van die volgende kommerwekkende faktore met verwysing na die ingeslote kontantvloeistaat vir die huidige sowel as die daaropvolgende vier finansiële jare:

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes wat in jaar 4 en jaar 5 laer daal as die norm wat tussen 4 en 2 behoort te wees;
- die verwagte bedryfstekorte vir 2015/16, 2016/17 en 2017/18 wat onderskeidelik - R 7 968 844, - R 12 050 106 en - R 5 127 394 sal beloop;

(n) Dat die CFO voldoen aan die vereistes van die begrotings-dokumentasie ten opsigte van verslagdoening aan die Provinsiale- en Nasionale Tesourie;

(o) Dat kennis geneem word van die voorwoord (hierby aangeheg as Aanhangsel A) van die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en dat die algemene aanbevelings soos hierbo vermeld, na die bestuurspan verwys word vir verdere aandag.

4.4/...

4.4 VOORLOPIGE 201/2016 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGS-PLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die 2015/2016 Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) word deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgehou.

Artikel 53 van die MFMA bepaal dat die SDBIP deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur moet word binne 28 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting in Mei. Nieteenstaande voormelde wetlike vereiste, is ‘n omsendskrywe (Mun Nr. 2/2013) vanaf die Provinsiale Tesourie ontvang waarin die Munisipale Bestuurder versoek word om ‘n konsep SDBIP reeds in Maart saam met die wetlik-vereiste begrotingsdokumente aan die Raad voor te lê om ‘n meer sinvolle beoordeling van die begroting te verseker.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die aangehegte 2015/2016 Dienslewering- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) as ‘n voorlopige dokument goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

GETEKEN:
SPEAKER